

Redakteur / Editor
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

Subredakteur / Sub-editor
Janine de Villiers
Tel: (021) 483-2234

Grafiese Ontwerper / Fotograaf
Graphic Designer / Photographer
Monica Wagner

Administrasie en Advertensies
Administration and Advertising
Szerena Knapp

Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

Webtuiste / Web site
www.westerncape.gov.za/library

E-pos / E-mail
capelib@pawc.wcape.gov.za
grizell@iafrica.com

Adres / Address
Posbus 2108 Kaapstad, 8000
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Geïndekseer in / Indexed in LISA
(Library and Information Science Abstracts)
© Biblioteekdiens © Library Service
SA ISSN 0 008 5790

Reproduksie en Drukwerk
Reproduction and Printing
Creda Communications (Pty) Ltd
Eliot Avenue, Epping II 7460

Omslagontwerp / Cover design
Jack Russell Design



REDAKSIONEEL EDITORIAL

I wish my sporting a broly could be the answer to the devastating drought that is threatening agriculture and many many keen gardeners - not only in the Western Cape but also in various parts of our country. Although I had hoped this disastrous situation will soon be a thing of the

past I have come to realise that a concerted effort on the part of all of us to appeal to a Greater Power is surely the only possibility of relief. And then of course, events on the other side of the world in the Indian Ocean Basin can only cause us all to have tremendous sympathy for the victims and survivors of the tsunami disaster.

However, rain or shine - the commitment of the staff of the **CL** remains firm. Proof of which is our spanking new cover which this year will test your powers of observation (turn to page 6 to read more about our competition) and a number of scintillating articles that I feel sure should interest many of our readers.

For both the techno-advanced and the technologically challenged - the article *Papyrus to pixels...* by Professor Peter Underwood offers some thought-provoking ideas on the e-book vs the conventional book.

We also highlight the 50th commemoration of the Freedom Charter - one of the most important documents in our country's history. Take part in this celebration and create an awareness of this event in your library. Still on the topic of celebrations - for those who celebrate Easter, we have prepared an innovative display idea.

And let's not forget the most important library event of the year - national Library Week - put on your thinking caps and expound upon the various suggestions from our Publications and Promotions Department (Nov/Dec 2004 **CL**) on how to promote the slogan, *Learn...Read...Succeed!*

Let's all act together to make this Library Week work - not only for us but also for every single person in our community!

Ek wens dit was so maklik - ek hou speel-speel 'n sambreel oor my kop en hoop dat dit sal begin reën om die vernietigende droogte wat tans die Wes-Kaap en talle ander dele van ons land lamlê, te verlig. Nie slegs word landbou bedreig nie, maar ook die handewerk van talle entoesiastiese tuiniers. Alhoewel ek gehoop het dat hierdie waterkrisis binnekort iets van die verlede sal wees, is dit vir my duidelik dat slegs 'n verhoë na 'n Hoër Gesag hierdie situasie kan red. Dit bring my natuurlik na die gebeure aan die ander kant van die wêreld in die Indiese Oseaan - 'n mens kan net die grootste medelye hê vir die slagoffers en diegene wat die tragedie van die tsunami-nagmerrie oorleef het.

Nietemin, in voorspoed en teenspoed, bly die toewyding van die personeel by die **KB** konstant. Bewys daarvan is, onder andere, ons pragtige nuwe voorblad - nie net is dit uniek nie, maar is so ontwerp om u breinkrag te prikkel (lees op bladsy 6 oor ons kompetisie in die verband). Ook bied ons in hierdie uitgawe talle stimulerende artikels aan wat ek voel menig van ons lesers sal interesseer.

Die artikel *Papyrus to pixels...* deur professor Peter Underwood ondersoek die tergende kwessie van die e-boek teenoor die konvensionele boek - leesstof vir beide die tegnologiese funde en die rekenaaroorblufte.

Ons beklemtoon ook die 50-jarige herdenking van die Vryheidsmanifes (Freedom Charter) - een van die belangrikste dokumente in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Neem deel aan hierdie viering en maak u gebruikers bewus van die gebeurtenis. Steeds op die onderwerp van feesviering - vir diegene wat Paasfees herdenk, waag gerus die hand aan ons innoverende uitstalidee vir die geleentheid.

En laat ons tog nie die belangrikste feesviering in die biblioteekwêreld vergeet nie - jaarlikse nasionale Biblioteekweek! Sit die breinratjies aan die rol en brei uit op die voorstelle van die Publikasieafdeling (Nov/Des 2004 **KB**) oor hoe om die leuse, *Leer...Lees...Presteer!*, te bevorder.

Kom ons werk almal saam om van Biblioteekweek 'n sukses te maak - nie net vir ons biblioteke nie maar vir elke persoon in die gemeenskap!

Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

Redaksionele beleid

Die **Kaapse Biblioteekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor bibliotekek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstelyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.